# BAKENS VIR AUSTRALIË SE HELDE VOLOP

Byna elke klein Australiese dorpie het 'n gedenkteken om die Australiërs wat in die Tweede Vryheidsoorlog gesneuwel het, te herdenk, sê mnr. Jim Heaton, wapenkurator van die Australian War Memorial-museum in Canberra, die hoofstad van Australië.

Mnr. Heaton het in Bloemfontein aangekom as deel van 'n landwye studietoer oor die Tweede Vryheidsoorlog.

Die museum waaraan mnr. Heaton verbonde is, se spog-uitstalstuk uit die Boere-oorlog is 'n Steyr-geweer wat aan genl. Piet Cronje behoort het en ná die slag van Paardeberg deur 'n Australiër in 'n loopgraaf gevind is.

Sover hy kon vasstel, het die eerste soldate op 1 Januarie 1900 by Sunnyridge gesneuwel.

Tydens sy besoek aan Suid-Afrika het mnr. Heaton onder meer die Kasteel in Kaapstad, Stellenbosch, die McGregormuseum in Kimberley, asook Magersfontein besoek. Hy het ook die Nasionale Museum, die Militêre Museum en die Oorlogsmuseum in Bloemfontein besoek.

Ander waardevolle artikels waaroor die War Memorial in Australië beskik, is Paul Kruger se kladblok en vyftien ander wapens wat aan Boerekrygers behoort het. Die meeste van die gewere se oorspronklike eienaars se name is op die kolwe gegraveer.

*Mnr. Jim Heaton (middel), wapenkurator van die Australian War Memorial in Canberrra, Australië, staan hier by mnr. Hannes Oberholzer, direkteur van die Nasionale Museum in Bloemfontein (links) en mnr. Johan Loock, senior lektor in Geologie aan die Universiteit en lid van die Historiese Vuurwapenvereniging van Suid Afrika. Mnr. Heaton hou 'n Mauser G-96-karabyn vas, 'n seldsame geweer wat hoofsaaklik net aan offisiere in die Tweede Vryheidsoorlog uitgereik is. Die kolf is korter as dié van die gewone Mauser wat hom meer effektief vir oorlogvoering van 'n perd se rug af maak.*



*Foto Die Volksblad*